DEEL 116 | WEEK 36 | 6 SEPTEMBER 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# BOERE BAKLEI TEEN AARDGASONTGINNING

Boere in die Heilbron-omgewing het hul kommer uitgespreek oor die nuutste planne om aardgas op verskeie plase in die gebied te ontgin. Hierdie bekommernis het ontstaan nadat 'n tenderkennisgewing in die Heilbron Herald verskyn het, met die name van plase in die Lindley- en Heilbron-omgewing waar aardgas ontginning beplan word.

Francois Martens, van die maatskappy Mabex Consulting Geologists wat ook boer tussen Frankfort en Heilbron, het dadelik alarm gemaak en die kommer van boereverenigings soos Gottenburg, Slootkraal, en Moedersdeel aan die maatskappye soos Panoro 2B Bpk en SLR en meer oorgedra. Volgens Martens is hy vasbeslote om hierdie planne te stuit, aangesien dit hul landbougrond in gevaar kan stel. Hy is ook in die proses om 'n prokureur te kry wat betrokke was by 'n vorige situasie soortgelyk aan dié in Heilbron, om boere bietjie tou wys te maak.

Landbou-organisasies het ook hul kommer aan die Minister van Landbou, John Steenhuise, oorgedra oor die potensiële gevare van hierdie ontginning. Martens noem dat hy vir John Steenhuisen, Minister van Landbou, by die landbou kongres ontmoet het en die saak met hom bespreek het. Volgens Martens het hy 'n brief aan die minister gestuur op die minister se aanvraag.

Die grootste kommer is dat die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne (MPRDA) van 2002 die staat in staat stel om minerale regte te onteien, wat beteken dat boere sal moet saam staan teen die eksplorasie.

Aardgasontginning behels 'n reeks komplekse stappe. Eerstens word potensiële gasvelde geïdentifiseer deur geologiese studies en seismiese opnames om groot gasreserwes onder die grond te bepaal. 'n Boorgat word dan in die grond gemaak om toegang tot die gasreserwes te kry. In die geval van skaliegas, word hidrouliese breking, of "fracking", gebruik. Dit behels die pomp van 'n mengsel van water, sand en chemikalieë onder hoë druk om die gesteentes te kraak en die gas vry te stel.

Alhoewel daar nog 'n langpad is om te stap voor die eksplorasie van aardgasse, vertel Koos Engelbrecht, voorsitter van Moedersdeel Boerevereniging, dat as dit gebeur het boere in die omgewing onteindig moeilikheid en kan hulle maar ophou boer. Hierdie proses hou verskeie nadele in, veral vir die landbou. Die chemikalieë wat in die "fracking" proses gebruik word, kan waterbronne besoedel, wat nie net die omgewing, maar ook die gesondheid van mense en diere benadeel. Daarby kan die grondverskuiwings wat deur "fracking" veroorsaak word, lei tot grondstortings en die vernietiging van waardevolle landbougrond. Die bou van boorplatforms en pyplyne kan groot dele van die grond versteur, wat habitatte vir diere kan vernietig.

Gasontginning vereis ook groot hoeveelhede water, wat druk op reeds skaars waterbronne kan plaas en boere se toegang tot water kan beperk.

Gerrit Viljoen, voorsitter van die distrikslandbou-unie, het sy stem by die boere gevoeg en verduidelik dat boere ten alle koste moet keer dat hierdie ontginning plaasvind. Hy beklemtoon dat volhoubare landbou in gevaar gestel word en dat niks goeds uit hierdie situasie sal voortkom nie.

Aan die ander kant het Nick de Blocq, uitvoerende hoof van Kinetiko Energy Bpk, wat een van die maatskappye is wat die moontlikheid van aardgasontginning ondersoek, aan Netwerk24 gesê dat hulle reeds met boere vergader het en dat die reaksie nie heeltemal negatief was nie.

Volgens De Blocq sal hulle nie hidrobreking gebruik nie, maar eerder slegs tot 500 meter diep boor, wat minder indringend is as ander metodes. Hy verseker verder dat die boorgate met staal uitgevoer sal word om grondwaterbesoedeling te voorkom, en dat boere finansieel vergoed sal word en uiteindelik vennote in die gasprojekte kan word.

Die besluit oor of hierdie ontginning wel op hul grond sal plaasvind, moet egter met groot omsigtigheid deur boere oorweeg word, aangesien die langtermyn impakte op hulle boerderybedrywighede en die omgewing groot kan wees. Die moontlikheid van waterbesoedeling, grondversteuring en die verlies van waardevolle landbougrond weeg swaar op die skaal.

Vir die boere in die Heilbron-omgewing is die stryd teen aardgasontginning in hul landerye nog lank nie verby nie.









# Heilbron inwoners keelvol oor vuil rioolwater en lekkende krane

Heilbron se inwoners is nou op hul knieë weens die voortdurende rioolprobleme en lekkende krane wat 'n aansienlike hoeveelheid water in die drein laat wegspoel. Die situasie het vererger by die Uniefees dam, waar liters en liters rou rioolwater reeds maande lank direk in die plaaslike dam invloei. Die situasie word verder gekompliseer deur die konstante oorstroming van 'n waterkrip in die oop veld langs Huis Bron-van-Heil, skuinsoorkant die dam waar water 24/7 vermors word. 'n Inwoner het vertel dat hy reeds in Maart vanjaar die probleem van 'n lek aangemeld het, maar tot op hede het die Ngwathe Munisipaliteit niks gedoen om die situasie te verbeter nie. Hierdie probleem word vererger deur die feit dat die munisipaliteit miljoene rande aan Rand Water skuld. Carika Potgieter, 'n plaaslike inwoner, het onlangs self 'n pyp herstel nadat die munisipaliteit eenvoudig nie reageer het op haar versoeke om hulp nie. Sy het R363 uit haar eie sak betaal, om die probleem op te los, sonder om arbeid in te reken. Sy en ander inwoners beweer dat hulle geen reaksie kry wanneer hulle die verantwoordelike persoon skakel om hulp met waterverwante probleme nie. Nie eens om 'n kraan toe te draai om 'n pyp te herstel nie. Die inwoners van Heilbron is keelvol en raadop oor die voortdurende verontagsaming van hul basiese regte en verwag dat dringende optrede. geneem word om hierdie krisisse te beëindig.



# Kroonstad Hosts Mr. and Miss Disability Event and Sports Tournament




On the 22nd of August, Kroonstad proudly hosted the Mr and Miss Disability pageant, a vibrant event celebrating the strength and beauty of people with disabilities. The following day, on the 23rd, a spirited sports tournament took place, bringing together participants from across the region. The goal of these events was clear: to empower people with disabilities and ensure they feel included and valued within the community. The events were a shining example of unity and support, with a few participants from Heilbron also taking part, adding to the diverse representation.These two days were not just about competition or pageantry—they were about breaking barriers and fostering a sense of belonging for everyone involved.

# Groter welvaart vir ons dorpe?

Ngwathe se stadsraad het verlede Vrydag besluit om onmiddellik vir 'n Direkteur van plaaslike ekonomiese ontwikkeling te adverteer (local economic development, oftewel LED) Die munisipaliteit was sedert 2017 sonder iemand in hierdie pos. Die nuwe direkteur sal hom toespits op reklame om toerisme, vervaardiging en belegging na Ngwathe se vyf dorpe te lok.

Die eenparige besluit is deur veral DA-raadslede verwelkom. "Ons stabiele nuwe regering van nasionale eenheid (RNE) begin stadigaan groei bevorder, en Ngwathe kan sekerlik daaruit probeer voordeel trek," sê DA-raadslid Robert Ferendale, 'n inwoner van Heilbron. Hy probeer tans Ngwathe aanspoor om die Uniefeesterrein te laat herstel na sy vorige glorie as 'n ontspanningsoord.

Die DA het Vrydag ook versoek dat die stadsraad 'n nuwe staande komitee stig om plaaslike ekonomiese aktiwiteit te bevorder. Hulle het gevra dat sakelui saam met raadslede op die nuwe komitee sal dien. "Die burgermeester en senior ANC-raadslede het ons voorstel goed ontvang," aldus DA-raadslede. Hulle wys ook daarop dat Dr F P Mothamaha, Ngwathe se nuwe munisipale bestuurder, 'n kenner is van ekonomiese ontwikkeling met die oog op welvaart en werkskepping.

# UIT DIE PEN: Week 36



Ek wonder baie keer oor woorde.
Ja, dieselfde goed waarmee jy iemand se seer kan minder maak. Of waarmee jy sê dat jy iemand lief het. Of waarmee jy raas en skel of waarmee jy trane kan afvee.
Woorde kan jou in die moeilikheid beland of vir jou geld en roem inbring. Jy kan altyd sê dat jou woorde verdraai is of verkeerd geïnterpreteer is. Jy kan woorde oor en oor sê as deel van 'n mantra of saam met 'n wysie, dan is dit 'n liedjie. As jou woorde rym, is dit 'n gedig. En as jy daardie gedig ritmies kan opsê, kan jy *rap*.
Woorde dra boodskap oor. Selfs 'n gebrek aan woorde beteken iets. Maar daar is iets anders aan woorde.
Ons kan stry tot ons blou is: woorde is permanent. Meer permanent as die oseane of die Groot Chinese muur. Woorde kan in jou siel gaan lê en jou hart kan dit oor en oor speel. Of dit mooi woorde is of nie. Woorde bly in jou lyf ingeëts.
Onlangs moes ek vir elke werknemer by ons 'n afskrif van voorgestele kleredragreëls gee. Met die opdrag: lewer asseblief kommentaar. Ek stuur dit met e-pos en verlaat my kantoor direk daarna. O, wee, onthou ek, ek het iets vergeet en draai om. Net betyds om te hoor: "sy gee nou hierdie kleredragreëls omdat sy nie van ons manier van aantrek hou nie." O, is dit? Dink ek.
"Wat sê jy daar?" Vra ek. Baie kalm. Soos 'n ma vir haar stout kind.
"Nee, niks." Sê sy, soos 'n stout kind vir haar ma. Ek tik stout kind op haar skouers: "Luister, pop, as jy die moed het om iets agter my rug te sê, moet jy ook dieselfde moed hê om dit voor my te sê." Ek glimlag baie mooi voordat ek weer in my kantoor verdwyn.
Dalk het ek haar iets gegee om oor te dink.
Ons almal het al daardie fout gemaak.
Ek was seker so 14 jaar oud toe ons by 'n kampterrein was. Oom Mau was ons kampouer. Sy seun was ook deel van die kampeerders. Oom Mau het ons op dag een die Leviete voorgelees oor wanneer die ligte moes af, waarskuwings oor die geraasvlakke, om die plek netjies te nou.
Ek en my vriendinne het voor slaaptyd op ons beddens gesit en hulle het begin skinder van Oom Mau. Ek was natuurlik baie braaf en het saam geskinder. Ek sê toe: "Ou Mau het mos so gesê!"
Ons lê soos ons lag. Terwyl Oom Mau in ons kamer se deur staan.
"Wat het Ou Mau gesê?"
Ek dog die aarde sluk my in.
(Ek en oom Mau se seun was so vyf jaar daarna 'n paartjie. En ek het hom nooit gevra of hy die insident kon onthou nie.)
Dan is daar natuurlik mense wat woorde lukraak gebruik sonder om twee keer te dink of dit iemand seermaak. Hulle praat seermaakwoorde.
Hulle steek dolke in jou hart en hulle maak jou sleg sonder om sleg te voel. Agterna, wanneer jy hulle daaroor konfronteer, wis hulle van niks. Want steeds is jy die een wat die fout gemaak het.
Ons ken hulle, ons leef saam met hulle en ons laat hulle toe om voort te plant. Ongelukkig.
In hierdie tyd het ek agtergekom dat daar mense is wat doelbewus "anders" is en anders optree. Ek het mense gesien wat saam met jou hartseer of saam met jou opgewonde is.
Deesdae, wanneer iemand vir my vra hoe dit met my en my *hee-gebreekte* been gaan, vertel en wys ek hulle dat ek al baie beter loop. As hulle wil weet, vertel ek hulle van my reis. Wanneer hulle bly is saam met my, maak ek 'n punt daarvan om dankie te sê dat hulle in my opwinding deel.
Ek dink dis belangrik om hulle te waardeer.
Oor Paul? Ja, my fisioterapeut is steeds in my dagboek. Ek was Dinsdag by hom en Woensdagoggend was dit heelwat meer gevoelig as toe ek Dinsdag by hom aangemeld het.
Ek moes weer op die simpel trampolien loop: dieselfde ou storie. Stap met lae knieë en dan met hoë knieë. Jy mag nie vashou nie. En jy mag nie omval nie.
Ek moes op my hurke gaan sit en hy het my voet plat gedwing. Die oefening vanself was nie moeilik nie. Maar my goeie verstand sê altyd dat mens nie op die vloer gaan sit sonder 'n plan om weer op te staan nie. Hierdie keer kon ek self van die vloer af opstaan.
Dan kry ek die opdrag: staan net effe so of buig net jou been effe sus.
En jy het gedink dis 'n maklike beweging. Dit druk en pyn deur jou hele wese.
Met Paul wat op die agtergrond (verkeerd) tel en sê: "Nog net drie" nadat ek al vyf en sestig van hierdie oefeninge gedoen het. Okay, seker nie vyf en sestig nie, maar dis baie naby.
Tans ry die krukke nog saam met my in die kar. Ek gebruik dit wanneer ek trappe moet klim en daar nie 'n handreëling is nie. Verlede week het dit handig te pas gekom.
Ons was by 'n vergadering by ons reguleerder. Ek was redelik betyds daar, maar die sekuriteitswag laat weet dat ek doer anderkant moet gaan parkeer.
"Ou maat," sê ek, "kyk hier agter op my sitplek: ek loop met krukke."
"Jong!" roep hy na daar ver in die hoek. "Mevrou loop met krukke, gee vir haar die parkeerplek naaste aan die voordeur!"
Ek voel net bietjie skuldig omdat ek die naaste parkeerplek waardeer het.
Maar Paul, ek doen jou oefeninge sodat ek glad nie meer die krukke hoef saam te ry nie.

# Legende vandag gegroet

Jan Marais bekende afgetrede boer/sakeman van Heilbron is verlede Vrydag in die ouderdom van 89 jaar aan huis oorlede. Hy was die afgelope sowat 10 jaar woonagtig op Heilbron waar hy aangesterk het na 'n knie operasie. Na die operasie was sy beweging beperk tot 'n rolstoel.

Jan het as 16-jarige seun omstreeks 1951 voltyds begin boer saam met sy ouers op sy geboorte plaas Erfdeel in Heilbron distrik. Hy was reeds op 12-jarige ouderdom betrokke by die boerdery - die liefde van sy lewe!

Sy pa is in 1970 oorlede. Sy moeder, tant Maria, soos sy bekend was, het deur die jare die voorbeeld vir Jan gestel dat harde werk die enigste pad na sukses was.

Jan was ook deur die jare beloon vir sy ywer en harde werk en vooruitgang was die beloning. Hy het hom ook toegespits tot die sakewêreld waar hy eiendomme, slaghuise en slagpale bedryf het. Hy het ook die plaaslike inryteater bedryf as uitdaging.

In die gemeenskapslewe het hy ook sy deel gedoen deur op die komitees te dien van die WP Hoërskool, Stadsraad, Kerkraad, Vrystaatse Landbou Grondbewaring, Heilbron Handelshuis en die Rapportryerskorps.

Hy het vertel dat hy een jaar planne gehad het as jong boer in die jare toe die Jode nog handel gedryf het. Maurice Balkind was sy jaarlikse inkopie finansierder wat hy na die oes betaal. Hy het klein bietjie “kortgekom” en Maurice Balkind sê vir sy boekhouer, Kittie Westcott, “Kittie please help Jan”! En daar gaan hy met sy planne net om later te betaal!


Jan is in Maart 1960 getroud met Ellen (nooi Erasmus) wat hy telkemale gesê het is die anker in sy lewe.

Die kleinkinders groet finaal hulle "kleintyd Hero" vandag 6 September. “Ons groet oupa Jan met dankbare harte, harte vol mooi herinneringe. Ons sal oupa onthou vir 'n haastige man, 'n man wat lief was vir sy familie, dit wat hy gedoen het, was vir sy kinders en kleinkinders. As 'n taak verrig moes word, moes dit al gister klaar wees!!! Oupa Jan het nie sy bakkie afgesluit nie, hy het sommer so in "neutraal en idle" uitgespring, bevele gegee op die plaas of by die slaghuise en weer verder gejaag. Oupa het altyd gesê: "of dit reën of nie reën nie, 15 Oktober moet julle plant, julle goed moet reg wees, dan moet julle nie loop en slaap nie" Mooi gaan Oupa Jan, ons harte is seer, maar ons weet oupa se nagedagtenis sal in ons en ons kinders se lewens voortleef, in alles wat ons elke dag doen!!

Hy word oorleef deur sy vrou, Ellen, Ellouise sy dogter, skoonseun Johan Breitenbach, vier kleinkinders, wat later ses geword het en twee agterkleinkinders.



## Geeldeur, stryk jou sorges weg



*As jy nie van stryk hou nie, het tannie Betty die perfekte oplossing vir jou! Die Geel Deur maak 16 September sy deure oop, waar jy jou strykwerk kan afgee en, afhangende van hoe besig hulle is, jou klere moontlik dieselfde dag kan terugkry. Hulle beloof om jou klere blink en glad te hê, net een dag nadat jy dit ingegee het. Besoek hulle gerus by Piercestraat 101 en maak strykwerk iets van die verlede.*












# 45 jaar se genetika lei tot rekordgetal wolbale

Louise Dohne Merinostoet, van Wesdan boerdery, het in hierdie seisoen 'n rekordgetal wolbale geskeer. Met 126 bale is dit die meeste bale nog, dit oortref die vorige rekord van 100 bale. Danie Hattingh, eienaar, sê dat 45 jaar se genetika en selektiewe teling gelei het tot hierdie prestasie. Optimale voedingsbestuur deur die kuddebestuurder, Ettienne Neethling, het in hierdie droë jaar ook bygedrae tot dié wenresep. Danie de Wet, skaap-en wolbemarker van BKB, sê dat dit 'n groot mylpaal vir Wesdan Boerdery is en bevestig dat dit die belonging vir jare se seleksie en teling is.


Danie Hattingh het hierdie stoet reeds 45 jaar terug gekoop, in die jaar wat sy seun, Tsaats Hattingh, gebore is. Marise Hattingh spot en sê dat sy in die kraamsaal gelê het toe haar man met 'n hele stoet by die huis kom. Dié stoet is ook na haar vernoem en dra haar tweede naam, vandaar die naam Louise Dohne Merinostoet. Die stoetery het oorspronklik uit Walrichs bestaan, maar 'n paar jaar later het hulle met die Dohnes saamgesmelt en toe ook só bekend gestaan. Marise Hattingh sê dat dinge baie anders lyk as 45 jaar gelede. Hulle moes met die hand boekhou van die stoetery, later het hulle na die Dohnes se hoofkantoor in Stutterheim gegaan om opleiding in 'n rekenaarprogram vir die stoetery te ontvang. Dit was ook sommer 'n eerste kennismaking met rekenaars. Vandag is alles natuurlik digitaal en dit is maklik om al die inligting oor een van die skape met die klik van 'n knoppie te besigtig.

Een ding het egter nie verander nie – kwaliteit skape- en Louise Dohne Merinostoet sal aanhou om hulle goed gevestigde genetika te gebruik om nog beter resultate in die toekoms te behaal.


*Op die foto vl: Danie de Wet (skaap-en wolbemarker - BKB), Danie Hattingh Jnr, Danie Hattingh (eienaar) en Ettienne Neethling (kuddebestuurder).*

# Bronnies se voël- en kleiduifjag 'n reuse sukses

Op 22 en 23 Augustus het Hoërskool Heilbron se jaarlikse voëljag plaasgevind, met 43 deelnemers wat van regoor die kontrei ingeskryf het. Die Vrydag het afgeskop met 'n heerlike, maar uitdagende kleiduifskiet by Donsveertjie. Gerrit de Plooy is vir die tweede agtereenvolgende jaar as die wenner aangewys. Na 'n dag vol pret en aksie, het die deelnemers lekker gebraai en gesellig gekuier, waar hulle oor alledaagse dinge gesels en mekaar beter leer ken het. Die gidse is ook aan die ingeskrewe spanne voorgestel om die volgende dag se jag te lei. Op Saterdag het die jagters gewys wie regtig baas is deur aan die voëljag deel te neem. Elke span het saam met hul gids na 'n plaas vertrek waar hulle die dag spandeer het om voëls te jag. Die gidse het die jagters bederf met 'n heerlike koppie boeretroos en beskuit, en later ook 'n smaaklike “brunch”. Die aand het almal teruggekeer na Donsveertjie waar die pryse uitgedeel is. Jan Hendrik, bemarker van BKB het 'n veiling aangebied. Daar was ook verskillende pryse toegeken soos onder andere vir die langste spoor van 'n fisant, beste kleiduifskut, en beste kleredrag vir die gala-aand. Die geleentheid is afgesluit met 'n heerlike ete by Donsveertjie. Die skool spreek hul dankbaarheid uit teenoor die gemeenskap, deelnemers, en gidse vir hul bereidwilligheid en ondersteuning. Louise Snyman, 'n lid van die beheerliggaam en organiseerder, het veral die borge en gidse bedank en gesê dat die geleentheid sonder hulle nie moontlik sou gewees het nie.





*Op die foto Gerrit du Plooy, PL Snyman en Johnny van der Merwe (Skoolhoof).*

# Kleuterkasteel hou opedag


Kleuterkasteel



Vrydag, 30 Augustus, het Kleuterkasteel se terrein gekriewel met klein kindertjies, en laggies wat van ver gehoor kan word, toe die skool sy opedag aangebied het. Kinders en ouers is vriendelik verwelkom en het 'n oulike geskenkpakkie ontvang, wat dadelik 'n warm gevoel van tuis wees geskep het. Die jongspan het die dag voluit geniet en kon nie genoeg kry van die glibberige glybane wat spesiaal vir die dag opgeslaan is nie. Terwyl die kinders hulle gate uit geniet het, het die ouers bietjie tyd geneem om te kyk wat die skool bied. Die hoogtepunt van die dag was ongetwyfeld die optrede van Riana en haar vrolike maatjie, Krokkie. Met groot opgewondenheid het die kinders saam met hulle gesing en gesels, en die glimlagte het net breër geword. Die dag was 'n reuse sukses, en daar sal verseker in die jaar 2025 nuwe gesigte wees wat die skool hulle tweede huis sal noem.

# Phitshana Public School achieves


*Sipho Mamba and Matladi Motsoeneng are both learners from Phitsana public school and has performed well in public speaking in leadership of Me MM Kheswa.*

# KENNISGEWINGS

Estate Late: **JULIA DAVIDS**
Identity No: **510606 0090 081**
Estate No: **001804/2024**
Masters office: **BLOEMFONTEIN**
Date of death: **2023/10/25**
Date of birth: **1951/06/06**
Marital status: **MARRIED IN COMMUNITY OF PROPERTY**
Spouse: **PHILLIP KAUTA DAVIDS**
Identity number: **490412 5119 080**
Last address: **1235 A NEW LOCATION HEILBRON, 9650**
The FIRST AND FINAL LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT in the abovementioned estate will be available for inspection for a period of 21 days from 30 August 2024 at the Master of the High Court's Office in Bloemfontein + Magistrate Court Heilbron.
If there are no objections filed against the estate within this 21-day time period at the relevant Master's Office, then the executor of the estate will proceed with payment of the account.
**AL VISSER**
**ON BEHALF OF ABSA TRUST**
**KRAMER, WEIHMANN INC**
**PO BOX 12322,**
**BRANDHOF, 9324**
**TEL:(051) 411 4000**
**Ref: LVISSER/MM/KA0098/367267**

---

VORM JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van T7842/2013 gepasseer deur Die Eksekuteur in die **Boedel Wyle WILSON PERCIVAL READ,** Nommer 125/2013 ten gunste van LOUIS STEPHANUS VAN DER WALT, Identiteitsnommer 570623 5041 08 1 EN CHRISTINA JACOBA VAN DER WALT, Identiteitsnommer 620305 0129 08 3, Getroud binne gemeenskap van goed met mekaar ten aansien van sekere DIE PLAAS KNUTSFORD OOS 1188, DISTRIK REITZ, PROVINSIE VRYSTAAT wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Reitz op hede die 3de dag van September 2024.
**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**
**29 SAREL CILLIERS STRAAT,**
**REITZ, 9810**
**bligwes07@gmail.com**
**TEL: 058 863 2884 / 5**

---

JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act. 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of DEED OF TRANSFER ON
LT 2676/1989 passed by **KWAKWATSI TOWN COUNCIL** in favour of SELLO PETRUS MAZAMELELA in respect of certain
ERF 229, KWAKWATSI, DISTRICT KOPPIES, PROVINCE FREE STATE
which has been lost or destroyed.
All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks after the date of the publication of this notice.
Dated at KOPPIES on 4 SEPTEMBER 2024
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**CORNELIUS AND PARTNERS INC**
**26A CHURCH STREET**
**PO BOX 21,**
**KOPPIES 9540**
**TEL: 056 7 1884**
**E-mail: koppies@corven.co.za**

---

VORM JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte T 3762/1967** gepasseer deur **RUDOLPH JOHANNES BOTHA,** Gebore op 26 November 1926 ten gunste van **DANIEL WILHELM JANSE VAN RENSBURG,** Gebore op 2 Augustus 1937 ten aansien van **ERF NO. 646 HEILBRON (UITBREIDING 3),** geleë in die dorp en distrik van HEILBRON, **GROOT: 1225 (EEN DUISEND TWEE HONDERD VYF EN TWINTIG).**
Wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Heilbron op hede die 4de dag van September 2024.
**AANSOEKER: AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADRES: 40 KERKSTRAAT,**
**HEILBRON, 9650**
**E-POS ADRES: aktesa@corven.co.za**
**KONTAKNOMMER: 058 852 2035**


Kontak ons vir al u skryfbehoefte benodigdhede
Tel: 058 852 3033











# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**FOTOSTATE**

| | | |
|---|---|---|
| **Swart / Black** | | |
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| **Volkleur / Colour** | | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National


# TE HUUR • TE HUUR


**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**


# SMALLS


**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!


# WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**






# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*




HERALD Sport

# Bronnies Kleuterland Sportdag

Bring jou gesin en kom geniet die dag by Heilbron Gholfklub. Saterdag 7 September hou Heilbron Gholfklub hul maandelikse gholfspel, terwyl Bronnies Kleuterland hulle Sportdag het. Die skool nooi die hele gesin om die dag saam met hulle te geniet.




**Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald.**
**Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za**

WINKELURE
MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National




# "Spookwerkers": Steeds geen antwoorde

Raadslede van alle politieke partye is ontevrede omdat hulle vandeesweek moes hoor 'n verslag oor vermeende "spookwerkers" in die munisipaliteit is steeds nie beskikbaar nie. Volgens belofte moes dit voor einde Augustus in die stadsraad se staande komitee oor openbare rekeninge (MPAC) dien. Hierdie komitee het spesiale magte om munisipale onreëlmatighede te ondersoek. Vermoedens oor spookwerkers in Ngwathe doen reeds sedert verlede Oktober die rondte.

Sulke kamma-werknemers ontvang tipies vol salarisse en verskyn op die lys van munisipale werkers. "Maar hulle rapporteer óf gladnie vir diens nie, óf meld soggens aan en verdwyn net daarna,"het DA-raadslid Arnold Schoonwinkel verlede maand aan Heilbron Herald gesê (Heilbron Herald, 1 en 8 Augustus). Dit nadat die lang-beloofde verslag oor die kwessie weer, vir die vierde of vyfde keer, nie verskyn het nie. Schoonwinkel sê MPAC wag trouens reeds sedert Oktober verlede jaar daarop—vergeefs. "Ons kry net elke keer vae verskonings van amptenare," sê Schoonwinkel.

Daarom wou hy 'n maand gelede van ANC-raadslid Toyi, voorsitter van MPAC , weet:

"Surely you must agree a few weeks time is long enough to produce a clear, complete and accurate report?" Amptenare het Rdl Toyi toe beloof dat 'n grondige ondersoekverslag, asook relevante dokumente, voor einde Augustus vir evaluering deur MPAC beskikbaar sal wees. Toe dit ook nie verskyn nie het Schoonwinkel eergister Rdl Toyi aangeraai: "That report is scandalously overdue. Please seek help now, from the Municipal Manager, the Executive Mayor, or even from the Auditor general." Sy versoek is sterk ondersteun deur Rdl Jantjie (EFF) en Prof Jan Meyer, 'n VF Plus-raadslid. Rdl Toyi het ook saamgestem, en het beloof om onmiddellik verdere druk toe te pas.

Spookwerkers is verlede jaar in minstens twee Vrystaatse munisipaliteite blootgelê. Miljoene rande is krimineel op hul salarisse verkwis.

**RIEMLAND JAGTERS**
***Jeugskietdag***
**7 September 2024**
**Leeuwpoort Skietbaan, Heilbron**
**R100 per inskrywing.**
**Graad R - 3**
Windgeweer - 5 skote
.22 - 5 skote
**Gr 4 - 12**
Windgeweer - 5 skote
.22 - 5 skote
Jaggeweer - 5 skote
**Ouer & Kind**
Jaggeweer - 2x3 skote
**Lisensiehouers moet teenwoordig wees.**
**Inskrywings sluit 11 uur.**
**Verversings beskikbaar.**




BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 9 SEPTEMBER 2024
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
DINSDAG - 10 SEPTEMBER 2024
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
VREDE Maandelikse veiling
Jandré Moll 082 307 9169
ROODEDRAAI Kwartaalikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
HERTZOGVILLE: MALHERBE & WATERPAS SAVM STOETERYE PRODUKSIEVEILING
11:00, Skougronde
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
VOLKSRUST: HoËVELD MERINO VELDRAM KLUBVEILING
11:00, Battlefields lodge
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
WOENSDAG - 11 SEPTEMBER 2024
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516
KROONSTAD: HARTMAN | VAN NIEKERK | GRIESEL SAVM VEILING
11:00, AP Kerk
Kontak Karel du Plessis 082 826 3244
LINDLEY: LOUMA SLAG- & SPEENKALF VEILING
11:00, plaas Grootkrantz
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674
DAVEL: MPUMALANGA GAUTENG BEEFMASTER CLUB VEILING
11:00, The Bull Ring
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038
DONDERDAG - 12 SEPTEMBER 2024
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
REITZ DISTRIK: DE KOPPEN VLEISMERINO PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Rietkuil
Kontak Hennie Visser 084 583 1626
VRYDAG - 13 SEPTEMBER 2024
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
SATERDAG - 14 SEPTEMBER 2024
KROONSTAD: 4X4 DORMER VEILING
11:00, Kroon Boma
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za